

DIE BURGER

SATERDAG 26 FEBRUARIE 2011

Home from Home: New and Selected Poems deur Chris Mann het verlede jaar by **Echoing Green Press** van Vishoek verskyn. Die bundel in sagteband bevat 126 gedigte, waarvan sowat 'n kwart nuwe verse is. Die res is al voorheen in ander bundels gepubliseer.

Sy toeganklike en fyn ontwikkelde poëtiese styl behoort aanklank by die meeste liefhebbers van die digkuns te vind. Die bundel is die produk van 'n lewenslange toegewydheid aan die kuns van verse maak.

Hy het reeds twaalf ander bundels gepubliseer. Verskeie van sy gedigte is in ander bundels opgeneem of is in digjoernale bekend gestel. Dit het tot verskeie toekennings gelei.

Home from Home is versier met die tekenwerk van Julia Skeen, wat haar inspirasie uit die werk van die Engelse digter en kunstenaar William Blake put.